

Afrikaans Huistaal
Hersiening: Begrip, opsomming en taal
Graad 9

TOTAAL: 45

EKSAMINATOR: Z. MANS

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae.

VRAAG 1: Literêre teks (Begrip) (15)

VRAAG 2: Opsomming (10)

VRAAG 3: Taalstrukture en -konvensies (15)

2. Lees AL die instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde soos wat dit in die vraestel genummer is.

5. Trek 'n lyn na elke vraag.

6. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: LEESBEGRIP- LITERÊRE TEKS

Lees die onderstaande berig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A**Ja, jy kan regtig met die maan gepla wees!**

- Agence France Presse



- 1 Het jy al die stelling gehoor dat mense met die maan gepla kan wees? Wel, daar steek waarheid in. Switserse navorsers het vroeër die maand bevind mense sukkel regtig om te slaap as dit volmaan is, selfs al kan hulle nie dié hemelliggaam sien nie.
- 2 Die resultate van 'n studie met 33 vrywilligers wat in die vaktydskrif *Current Biology* gepubliseer is, het getoon dat mense langer geneem het om aan die slaap te raak en gedurende 'n volmaan korter geslaap het.
- 3 Die vrywilligers is op twee aparte nagte dopgehou en was nie bewus van die siklus van die maan gedurende hul tyd in die slaaplaboratorium nie. Navorsers het opgemerk dat mense gemiddeld 19 minute minder geslaap het, en vyf minute langer geneem het om aan die slaap te raak as wanneer daar 'n nuwe maan was.
- 4 “Dit lyk asof die maansiklus wel die mens se slaap beïnvloed, selfs as 'n mens nie die maan sien nie en nie werklik bewus is van die maan se fases nie,” het Christian Cajochen van 'n psigiatriese hospitaal aan die Universiteit van Basel in Switzerland gesê. Vrywilligers wat aan die studie deelgeneem het, het ook aangedui dat hulle minder uitgerus gevoel het, terwyl hulle ook laer vlakke van melatonien tydens 'n volmaan getoon het. Dit is die hormoon wat 'n mens se slaapsiklusse reguleer.
- 5 “Na ons wete is hierdie die eerste verslag wat die maan se invloed op objektiewe parameters vir slaap aandui.” Volgens die navorsers kan nog navorsing help om te bevestig of die maan ook 'n meetbare uitwerking op gemoedstoestand en verstandelike prestasies het.

Bron: Maroela Media

- 1.1 Identifiseer die land wat die navorsing gedoen het. (1)
- 1.2 Verduidelik die bevindinge van die navorsing in paragraaf 1. (2)
- 1.3 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Verskaf 'n rede.
- 1.3.1 Net 13 vrywilligers het aan die studie deelgeneem. (1)
- 1.3.2 Die resultate van die studie is in 'n vaktydskrif gepubliseer. (1)
- 1.4 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die teks aan wat aandui wanneer die vrywilligers dopgehou is. (1)
- 1.5 Verduidelik wat die navorsers opgemerk het rakende die tyd wat die vrywilligers geneem het om aan die slaap te raak. (2)
- 1.6 Beskryf waarom melatonien vir 'n mens se slaap belangrik is. (2)
- 1.7 Noem die naam van die persoon wat verbonde is aan die Universiteit van Basel. (1)
- 1.8 Waarom, dink jy, kan hierdie studie as geloofwaardig beskou word? Gee TWEE redes. (2)
- 1.9 Dink jy slaap is nodig vir goeie funksionering? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- (15)**

VRAAG 1: 15

VRAAG 2: OPSOMMING

Lees die onderstaande teks (**TEKS B**) deur en voer dan die onderstaande instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som SEWE feite op **wat atlete in gedagte moet hou om hulle velle teen die son te beskerm**.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7 en gebruik jou eie woorde.
4. Jou opsomming mag nie langer as **70 – 80** woorde wees nie.
5. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

Atlete in die son: Beskerm jou vel só

Deur Marli Naidoo

- 1 Herstel is 'n groot deel van elke atleet se siklus en dit is een van die grootste bepalers van sukses. Atlete wat aan buitemuurse sportsoorte deelneem, spandeer groot hoeveelhede tyd in die son. Wanneer jou vel sonbrand op 'n warm dag kry, gaan jou liggaam meer fokus op die herstel van jou gebrande vel, in plaas daarvan om te fokus op die herstel van jou spiere en organe na die oefening.
- 2 Sonbrand kan dehidrasie veroorsaak, wat kan lei tot die vergroting van bloedvate omdat jou liggaam meer bloed na jou vel toe stuur. Jy verloor sodoende heelwat vog. Drink dus baie water om nie te dehidreer nie.
- 3 Dan is daar natuurlik die gevaar van velkanker. Die idee dat jy beter sal lyk met 'n bruingebrande vel, of dat jou vel te donker is om deur die son beskadig te word, is glad nie waar nie. Die verdonkering van jou vel is jou liggaam se reaksie op ultraviolet-beskadiging. Dit verhoog jou kanse om velkanker te kry. Moenie dink dat verdonkering van jou vel 'n positiewe ding is nie.
- 4 Die beskerming wat jou gesigroom met 'n SPF-15 bied, is nie naastenby genoeg om jou teen die gevaarlike sonstrale te beskerm nie, en jou liggaam bestaan uit meer as net 'n gesig. Indien jy wonder wanneer om sonroom aan te smeer, dan moes jy reeds aangesmeer het. 'n Goeie beleid is om sonroom te dra wanneer jy ook al jou neus by die deur gaan uitsteek.
- 5 Daar is bevind dat mense geneig is om net 'n dun lagie sonroom aan te smeer, waar die instruksies mildelike aanwending voorstel. Ongeveer twee eetlepels se hoeveelheid room per aanwending is min of meer genoeg. Dit is ook nodig om elke paar uur weer sonroom aan te wend.

- 6 Oefening verhoog fotosensitiwiteit en wanneer jy sweet hou jou sonroom nie so lank nie. Volgens navorsing het branderplankryers 'n kans wat drie keer groter is om velkanker te ontwikkel teenoor ander sportmense, heel moontlik as gevolg van die son wat van die water af reflekteer en sodoende blootstelling vermenigvuldig. Kies 'n waterbestande sonroom met 'n SPF van ten minste 30.
- 7 Skaf oefenklere aan wat ontwerp is om sonbeskerming te bied. Dra ook 'n hoed wanneer jy kan, asook 'n UV-beskermende sonbril. Ons is geneig om te vergeet dat ons oë ook sensitief is.
- 8 Atlete wat daaglik tydens die son spandeer, moet dit sterk oorweeg om jaarliks 'n dermatoloog te gaan sien. Jou vel is net so belangrik soos enige ander deel van jou liggaam, en moet dieselfde aandag geniet.

Bron: <https://gildes.solidariteit.co.za/atlete-in-die-son-beskerm-jou-vel-s%CF%8C/>

VRAAG 2: 10

VRAAG 3: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg. Neem kennis dat opsetlike taalfoute wel in die teks voorkom.

TEKS C**Langste algehele maansverduistering vanaand**

Deur Maroela-redaksie (27 Julie 2018)

- 1 Die langste algehele maansverduistering van die 21ste eeu sal Vrydagaand ook in Suid-Afrika sigbaar wees.
- 2 'n Algehele maansverduistering gebeur waneer die maan deur die middel van die aarde se skaduwee (umbra) beweeg en die son, aarde en maan in lyn met mekaar is.
- 3 Mars sal ook op sy helderste vertoon in baie jare aangesien dit op sy naaste punt aan die aarde is. Venus, Jupiter en Saturnus sal ook sigbaar wees.
- 4 Die algehele maansverduistering sal sigbaar wees vir inwoners van Suid-Amerika, Europa, Afrika, Asië en Australië.
- 5 Volgens die Astronomiese Vereniging van Suidelike Afrika (ASSA) sal die maan teen 19:15 begin donkerder raak wanneer dit in die aarde se skaduwee begin inbeweeg. “Die totale verduistering sal teen 21:30 begin en vir sowat twee uur duur,” meen ASSA.
- 6 Die rede hoekom die maansverduistering so lank sal duur, is omdat die maan deur die middel van die umbra sal beweeg en die maan vanaand op sy verste van die aarde af is in sy maandelikse wentelbaan.
- 7 Wanneer die maan ten volle in die skaduwee van die aarde is, laat dit die maan in kleure van oranje tot dieprooi verander. 'n Mens sou dink omdat die aarde se skaduwee groot genoeg is om die maan tydens 'n totale maansverduistering te bedek die maan heeltemal donker sou wees.
- 8 Die aarde se atmosfeer strek egter verder uit oor die aarde en sonlig dring deur. Dit is dieselfde straling wat 'n sonsondergang rooi maak.

Bron: Maroela Media

- 3.1 Gee die vergrotende trap van “langste” in die titel. (1)
- 3.2 Gee die afkorting vir “Julie” en die maand wat ná Julie is. (1)

Blaai om, asseblief.

- 3.3 Benoem die werkwoord “sal” in PARAGRAAF 1. (1)
- 3.4 Watter tipe sin is in PARAGRAAF 1? (1)
- 3.5 Korrigeer of verbeter die twee spelfoute in PARAGRAAF 2. (2)
- 3.6 Identifiseer die voegwoord in PARAGRAAF 3. (1)
- 3.7 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in PARAGRAAF 3. (1)
- 3.8 Waarom word “Europa” in PARAGRAAF 4 met ’n hoofletter geskryf? (1)
- 3.9 Herskryf die onderstreepte sin in PARAGRAAF 5 in die indirekte rede. (1)
- 3.10 Identifiseer die stam van die woord “maandelikse” in PARAGRAAF 6. (1)
- 3.11 Verduidelik die funksie van die komma in PARAGRAAF 7. (1)
- 3.12 Sê of “oranje” en “genoeg” in PARAGRAAF 7 onderskeidelik ’n simpleks of ’n kompleks is. (2)
- 3.13 Word die onderstreepte sin in PARAGRAAF 8 letterlik of figuurlik bedoel? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- (15)**

VRAAG 3: 15

GROOTTOTAAL: [45]